higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 2

20 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B		
	1.1.2	D		
	1.1.3	A		
	1.1.4	C		
	1.1.5	A		
	1.1.6	B		
	1.1.7	C		
	1.1.8	C		
	1.1.9	B		
	1.1.10	C		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	Bestuur		
	1.2.2	Vorming		
	1.2.3	Kamers		
	1.2.4	Tyd		
	1.2.5	Bederfbare/hoë-risiko		
			(5 × 1)	(5)
1.3	1.3.1	E		
	1.3.2	D		
	1.3.3	B		
	1.3.4	G		
	1.3.5	A		
			(5 × 1)	(5)
1.4	1.4.1	Waar		
	1.4.2	Waar		
	1.4.3	Waar		
	1.4.4	Onwaar		
	1.4.5	Onwaar		
	1.4.6	Onwaar		
	1.4.7	Onwaar		
	1.4.8	Waar		
	1.4.9	Waar		
	1.4.10	Onwaar		
			(5 × 1)	(5)
				[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Om tapyte en matte skoon te maak
- Om troeteldierhare te verwyder
- Om bekleedsel skoon te maak
- Om stof van oppervlakke te verwyder
- Om spinnerakke te verwyder
- Om gordyne skoon te maak
- Om binnekant van ’n voertuig skoon te maak
- Om lugopeninge skoon te maak (Enige 2 × 1) (2)

2.1.2

- Om die werkslewe van die toerusting te verleng
- Om skade aan toerusting te voorkom
- Maak seker dat die toerusting direk ná gebruik skoongemaak word, sodat dit gereed is vir onmiddellike gebruik wanneer dit weer benodig word.
- Om enige moontlike skade of onklaarraking vroeg op te spoor vir voorkomende instandhouding
- Om die stoor netjies te hou en maklike toegang tot elke item te verseker, wanneer benodig. (Enige 3 × 1) (3)

2.2 2.2.1

- Skakel die toerusting/konneksie onmiddellik af sonder om jou lewe in gevaar te stel.
- Ken die noodnommers en weet waar dit uitgestal word.
- Weet wie die noodhelper is./Neem Nelly na die noodhelper toe.
- Stel jou toesighouer onmiddellik in kennis.
- Moenie die persoon/Nelly alleen laat nie.
- Die toesighouer, huishoudster of noodhelper moet onmiddellik professionele hulp ontbied.
- Moenie noodhulp toepas as jy nie daarvoor gekwalifiseerd is nie.
- Luister na die persoon/Nelly se hartklop en luister of hulle/Nelly asemhaal.
- Wees ferm en positief en stel die persoon/Nelly gerus.
- Laat die persoon/Nelly op haar rug lê (die individu lê op hul rug, met die gesig en abdomen wat na bo wys) met hul bene wat ongeveer 25 cm gelig is.
- Bedek die slagoffer/Nelly met ’n kombers om hulle warm en gemaklik te hou.
- Voltooi ’n ongeluksverslag ná die insident. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

2.2.2
- Om aan lewendige drade by die skakelaar, kragprop of elektriese koord te raak
- Om met die vingers aan ’n driepunt- elektriese kragprop te raak
- Om aan die kontakpenne te raak wanneer die muurprop nie afgeskakel is nie
- Om toestelle te hanteer wat nie behoorlik geaard is nie en dus ‘lewendig’ is
- Om toestelle met nat hande te hanteer of in water op die vloer te staan terwyl jy elektriese toerusting hanteer
- Om nie behoorlik opgelei te wees om toerusting korrek te hanteer nie

(Enige 3 × 1) (3)

2.3 2.3.1
- Splinters
- Krake (Enige 1 × 1) (1)

2.3.2
- Krake
- Happe/afskerwing (Enige 1 × 1) (1)

2.3.3
- Los handvatsels
- Roes
- Skrape op die oppervlak
- Duike (Enige 2 × 1) (2)

2.4
- Die deksel en handvatsel moet met warm water en ’n geskikte reinigingsmiddel gewas word.
- Water in die buitenste/laer houer moet uitgegooi word en houer moet met warm water en ’n geskikte reinigingsmiddel gewas word.
- Water in die binneste/boonste houer moet uitgegooi word en houer moet met warm water en ’n geskikte reinigingsmiddel gewas word.
- Die konfoor se brandstof-/jelbranders moet met ’n warm, skoon lap afgevee word.
- Al die onderdele van die bain-marie moet onmiddellik afgedroog word.
- Al die onderdele van die bain-marie moet onmiddellik met ’n sagte, skoon lap blinkgevryf word nadat dit gewas en afgedroog is. (Enige 3 × 1) (3)

2.5 2.5.1
- Handdoekpapier besmeer met kosreste
- Suiwelafval (2)

2.5.2
- Eierdoppe
- Groente- en vrugteskille
- Hoenderbene/visgrate
- Gaar oorskietkos (4)

2.5.3 Teesakkies/koffiemoer (1)

2.6
- Eierdoppe
- Groente- en vrugteskille
- Verrotte vrugte en groente
- Teesakkies/koffiemoer (4)

2.7 Gaar oorskietkos (1)

2.8 Dit kan aan ’n varkplaas verkoop word. (1)

2.9
- Lig toesighouer in.
- Volg die maatskappyprosedures om die afval van die verskillende afdelings bymekaar te maak en te sorteer.
- Kontak die afvalverwyderingsmaatskappy om uit te vind wat die probleem is en wanneer hulle dit kom afhaal.
- Indien die vertraging te lank is en te veel afval ophoop, moet ’n alternatiewe afvalverwyderingsmaatskappy gekontak word om die afval te kom haal.
- Indien daar ’n vragmotor/bakkie beskikbaar is, reël dat afval na die plaaslike stortingsterrein verwyder word.
- As ’n laaste uitweg kan jy ’n munisipale stortbak (‘skip’) reël waarin al die afval geplaas kan word totdat die munisipaliteit dit later kan afhaal. (6)

[40]

VRAAG 3

3.1
- Nee
- Ja (Enige 1 × 1) (1)

3.2
- Swak higiënepraktyke
- ’n Mens kan siek raak.
- Katte word in die voedselbereidingsareas toegelaat. (Enige 1 × 1) (1)

3.3
- Om kos te verkoop en gaar te maak in ’n gebied wat onhigiënies is en waar katte ook slaap.
- Beeskoppe word in die buitelug van vleis gestroop wat honderde vlieë lok.
- Vel en vet word dikwels op die grond gestort.
- Bloed vloei ook op die vloer.
- Skedels hoop dikwels buite die onderneming op.
- Die grond word afgespuit sodat stink poele in die pad ontstaan.
- Reuk van vrot vleis en bloed
- Geen koue ketting word gehandhaaf nie. (Enige 6 × 1) (6)

3.4
- Beoefen goeie persoonlike higiëne.
- Dra skoon, beskermende kleredrag.
- Handhaaf higiëniese voedselhanteringspraktyke.
- Daar behoort effektiewe toesig oor die gesondheid van werknemers te wees en geskikte optrede moet gevolg word.
- Werksareas moet deeglik skoongemaak word.
- Gebruik geskikte skoonmaakmateriale om die verspreiding van voedselvergiftigingbakterieë te voorkom. (Enige 4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

3.5
- Die ondernemings kan gesluit word.
- Die ondernemings kan beboet word.
- Die ondernemings sal ’n swak reputasie kry.
- Die ondernemings kan deur die publiek gedagvaar word.
- Die ondernemings kan veroorsaak dat mense siek raak.
- Die ondernemings kan hul lisensie verloor om voedsel te verkoop of te berei.
- Die ondernemings sal kliënte verloor. (Enige 6 × 1) (6)

3.6
- Die vleis behoort in ’n higiëniese kombuis van die karkas gestroop te word.
- Plae behoort deur die gebruik van lokvalle of ander apparaat beheer te word.
- Voedselafval moet in toegewese houers/blikke geplaas te word.
- Daar moet higiënies en veilig van voedselafval ontslae geraak word.
- Bloed en ander stortsels moet onmiddellik opgeruim word.
- Kombuisoppervlakke moet met die toepaslike skoonmaakmateriaal gereinig word.
- Voedsel moet korrek gebêre word. (Enige 6 × 1) (6)

3.7
- Sanitêre blikke (‘Sanibins’)
- Afvalstortgeute
- Elektriese afvalverwerkers
- Verbrandingsoonde
- Kompakteerders (5)

3.8
- Om slegte reuke te voorkom
- Om te voorkom dat vlieë en plae gelok word
- Om te voorkom dat omgewingsvraagstukke vir andere in die gebied geskep word
- Om die risiko dat kieme en siektes kan versprei, te verminder.

(Enige 3 × 1) (3)

3.9 3.9.1
- Bad of stort minstens een keer daagliks.
- Was gereeld hare.
- As jy parfuum gebruik, doen dit met diskresie.
- Dra skoon uniforms en voorskote vir elke werkskof.
- Hou hare vasgemaak en bedek.
- Moenie ringe en ander juweliersware dra nie.
- Hou snorre en baarde skoon en netjies geknip.
- Skoene moet skoon en veilig wees. (Enige 4 × 1) (4)

3.9.2
- Snye is ’n teelaarde vir bakterieë.
- Bloed van snye kan aan die kos oorgedra word.
- Oop snye kan ander personeel benadeel.
- Om die besmetting van kos, gereedskap of toerusting te voorkom
- Snye kan geïnfekteer raak. (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Vakansie
- Reis
- Eiland
- Avontuur
- Partytjie
- Oorslaap
- Om geld uit te gee
- Ontspanning
- Swem (Enige 3 × 1) (3)

4.2 4.2.1 Hotel (1)

4.2.2 Kaart (1)

4.2.3
- Vliegtuig
- Tas
- Vliegkaartjie
- Kompas (Enige 1 × 1) (1)

4.2.4
- Plakkies
- Seilboot
- Ringvormige lewensboei (Enige 1 × 1) (1)

4.2.5
- Foto's
- Kamera (Enige 1 × 1) (1)

4.2.6 Hotel (1)

4.2.7 Roomys (1)

4.2.8
- Palmboom
- Stokkielekkerboom (Enige 1 × 1) (1)

4.3
- Misdaad
- Xenofobie
- Ontoereikende hulpbronne
- Beperkte betrokkenheid
- Taalversperrings
- Negatiewe gesindhede
- Swak diensvlakke (Enige 1 × 1) (1)

4.4
- Kruisfunksioneel: Spanne wat meerdere take op ’n keer kan uitvoer
- Selfbestuurde spanne: Spanne wat onafhanklik werk
- Werkspanne: Spanne wat ’n spesifieke taak uitvoer
- Raadgewende spanne: Spanne wat ontbied word om te adviseer
- Virtuele spanne: Op die internet geskep
- Gehaltesirkel: Groepe van 10 of minder werkers of studente wat met hul toesighouer vergader om hul werkverrigting te verbeter
- Studiegroepe: Spanne wat saamwerk tot opvoedkundige voordeel van almal wat betrokke is
- Opleidingsforums: Groepe wat kundiges en instrukteurs van uiteenlopende gebiede vir onderrig en leer gebruik
- Produksiebaanspanne: Mense wat op ’n produksiebaan saamwerk om ’n spesifieke item te skep
- Projekspanne: Pas gespesialiseerde kennis vir kreatiewe probleemoplossing toe
- Aksiespanne: Byeenbring van hoogs gekoördineerde spesialiste wat topprestasie op aanvraag verskaf
- Kombuisspanne: Spanne wat saamwerk om kos voor te berei
- Restaurantspan: Bedien kos en drank aan gaste en maak alles gereed
- Voorportaalspan: Beantwoord telefone, ontvang gaste en hanteer besprekings
- Huishoudingspan: Maak kamers skoon
- Bestuurspan: Delegeer personeel, hou toesig, en oefen beheer uit
- Probleemoplossingspanne: Spanne wat ontbied word om spesifieke probleme op te los

(Enige 4 × 2) (8)

4.5
- Spanne wat nie swak strategieë en sakepraktyke kan oorkom nie
- Vyandige omgewing waarin spanne werk
- Spanne wat nie toegewyd is nie
- Beperkte eksperimentering met spanne
- Vae of teenstrydige opdragte
- Ontoereikende vaardigheidsopleiding vir spanlede
- Swak personeelvoorsiening vir spanne
- Gebrek aan vertroue (Enige 6 × 6) (6)

4.6
- Spanne werk dikwels harder om take af te handel.
- Spanne werk dikwels langer om take af te handel.
- Spanne moet vernuwend/innoverend dink wanneer daar geen elektrisiteit is nie om te verseker dat take afgehandel word.
- Baie spanne slaag nie daarin om hul teikens te bereik nie.
- Spanlede kan lui word.
- Beurtkrag verhoog die spanning om take betyds gedoen te kry.
- Die maatskappy moet dalk begrotingsbesnoeiings toepas en kan korter werkstyd instel.
- Spanlede kan finansieel sukkel as hulle korter werkstyd werk. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

4.7

SPAN	GROEP
• Meer permanent • Is aanspreeklik vir bereiking van omskrewe prestasieareas • Het 'n definitiewe leier • 'n Groep mense wat werk • Interafhanklik (Enige toepaslike 4 × 1)	• Waarskynlik tydelik • Het waarskynlik geen bestuursdoelwitte nie • Het waarskynlik geen duidelike aanspreeklikheid vir prestasie nie • Dikwels geen duidelike leier nie • Nie noodwendig 'n span nie (Enige toepaslike 4 × 1)

(8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou